- VAN DER WALT J.C. Enkele Gedagtes oor die Grondslag van Deliktuele Aanspreeklikheid, 32 Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg (1969) 319. Aangehaal 32 *THRHR*.
- VAN DER WALT J.C. Onregmatige Daad en Verryking, 28 Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg (1965) 335. Aangehaal 28 *THRHR*.
- VAN DER WALT J.C. Verborge Gebreke, Onskuldige Wanvoorstelling en Verrykingsaanspreeklikheid, 27 Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg (1964) 212. Aangehaal 27 *THRHR*.
- VAN DER WALT J.C. Strict Liability in the South African Law of Delict, Comparative and International Law Journal of Southern Africa (1968) 49. Aangehaal 1 *CILSA*.
- VAN DER WALT J.C. Bespreking van: Botes v. van Deventer 1966 (3) SA 182 (A), 30 Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg (1967) 70. Aangehaal 30 *THRHR*.
- VAN DEN HEEVER F.P. Aquilian Damages in South African Law, Vol I (Juta). Aangehaal *Aquilian Damages*.
- VAN LEEUWEN S. Het Roomsche Hollandsche Recht, en Censura Forensis.

Hofverslae en Hooggeregshowe

- AD - Appellate Division Reports
- Buch - Buchanan's Reports
- CPD - Cape Provincial Division Reports
- EDC - Eastern Districts Court Reports
- EDL - Eastern Districts Local Division Reports
- GWL - Griqualand West Local Division Reports
- HC - High Court of Griqualand West Reports
- LLR - Leader Law Reports
- Menz - Menzie's Reports
- NLR - Natal Law Reports
- OR - Official Reports ZAR
- ORC - Reports of the High Court of the Orange River Colony
- PH - Prentice Hall Weekly Reports
- SA - Die Suid-Afrikaanse Hofverslae
- SC - Supreme Court of the Cape of Good Hope Reports
- TPD - Transvaal Provincial Division Reports
- TH -- Witwatersrand High Court Reports
- TS - Supreme Court of the Transvaal Reports
- WLD - Witwatersrand Local Division Reports
- (A) - Appèlhof Afdeling
- (D) - Durban en Kus Plaaslike Afdeling
- (K) - Kaap Provinsiale Afdeling
- (NK) - Noord Kaap Provinsiale Afdeling
- (N) - Natal Provinsiale Afdeling
- (O) - Oranje Vrystaat Provinsiale Afdeling
- (SWA) - Suidwes-Afrika Provinsiale Afdeling
- (T) - Transvaal Provinsiale Afdeling
- (W) - Witwatersrand Plaaslike Afdeling

Afkortings

- art - artikel
- agv - as gevolg van
- a w - aangehaalde werk
- ar - appèlregter
- bv - byvoorbeeld
- di - dit is
- ev - en verder
- ens - ensovoorts
- lw - let wel
- mi - myns insiens
- nav - na aanleiding van
- r - regter

rp - regterpresident
t a p - ter aangehaalde plaatse
w ar - waarnemende appèlregter
wo - waaronder
wr - waarnemende regter

Gewysdes

Ables Groceries v Di Ciccio en 'n ander 1966 1 SA 834 (T)
Addis v Schiller Lightning & Plumbing Co 1906 TH 210
Abdool v Slade 1931 NPD 4
African Guarantee and Indemnity Co Ltd v Minister of Justice
1959 2 SA 437 (A)
Ah Chow v Rust 1945 EDL 230
Andrew v Patchell 1926 TPD 207
April v Pretorius 1906 TS 824
Archibald & Co v Sabela 1953 a SA 254 (N)
Atkinson-Oats Motors Ltd v Snyman 1933 PH A 48 (CPD)
Auto Protection Insurance Co Ltd v Macdonald (Pty) Ltd 1961
3 SA 908 (K)
Barker v Venter 1953 3 SA 771 (OK)
Barkett v SA National Trust and Assurance Co 1951 2 SA 353 (A)
Binda v Colonial Government 5 SC 284
Becker v Kellerman 1971 2 SA 172 (T)
Bischoff Embroidery South Africa (Pty) Ltd v South African
Railways & Harbours 1966 4 SA 385 (W)
Black v Le Voy 1924 EDL 176
Botes v Van Deventer 1966 3 SA 182 (A)
British South Africa Co v Crickmore 1921 AD 107
Broodryk v Smuts NO 1942 TPD 47
Bruce v Lomitz 1922 CPD 343
Burks v Springs Municipality 1917 WLD 143
Carter & Co v McDonald 1955 1 SA 202 (A)
Cassiem and another v Rohleder and others 1962 4 SA 739 (K)
Clifford Harris v Todd 1955 3 SA 302 (SR)
Colonial Mutual Life Assurance Society v Macdonald 1931 AD 412
Chatwin v CSAR 1909 TH 33
Conradie v Wiehahn 1911 CPD 704
Crawhall v Minister of Transport and another 1963 3 SA 614 (T)
Crafford v N'dimande 1962 2 PH O 36 (K)
Davidson v Johannesburg Turf Club 1904 TH 260
Die Minister van Polisie v Fourie NO 1973 1 PH J 26 (A)
Divisional Council of Knysna v Cuthbert 1924 CPD 172

Dicks v SA Mutual Fire & General Insurance Co 1963 4 SA
501 (N)
Dolf v Heath and another 1959 1 SA 714 (OK)
Dowson & Dowson v Grobbelaar 1965 2 PH J 20 (T)
Dreyer v Van Reenen 3 Menz 375
Dube v Administrator, Transvaal 1963 4 SA 260 (T)
Dukes v Marthinussen 1937 AD 12
Duigan NO v Angehrn & Piel Co 1915 TPD 82

East London Municipality v Murray 9 EDC 55
Engers v McMillan 1914 CPD 338
Estate Francis v Landsales Pty Ltd 1940 NPD 441
Estate Van der Byl v Swanepoel 1927 AD 141
Esterhuizen v Administrator Transvaal 1957 3 SA 710 (T)
Eyssen v Calder 20 SC 435

Feldman (Pty) Ltd v Mall 1945 AD 733
Fick v Alexandria Divisional Council 1907 EDC 109
Fish v London & Lancashire Ins Co 1942 WLD 63
Frank v Van Rooy 1927 OPD 231
Francis Freres & Mason (Pty) Ltd v Public Utility Transport
Corporation Ltd 1964 3 SA 23 (D)

General Tyre & Rubber Co (SA) Ltd v Kleynhans 1963 1 SA 533 (N)
Grahamstown Municipality v Saunders 1906 EDC 197
Gifford v Table Bay Dock & Breakwater Commision 1874 Buch 96

Hallett v Jenkins 22 NLR 32
Hamman v Moolman 1968 4 SA 340 (A)
Haine v Pattrick 1917 TPD 110
Hartl v Pretoria Hospital Committee 1915 TPD 336
HK Manufacturing Co (Pty) Ltd v Sadowitz 1965 3 SA 328 (K)
Hendriks v Cutting 1937 CPD 417
Hilpert v Castle Mail Packet Co 12 EDC 38

Imperial Cold Storage Co v Yeo 1927 CPD 432

January v Kilpatrick 2 EDC 18
Jones v Santam Bpk 1965 2 SA 542 (A)

Kinnear v Ruto Flour Mills Pty Ltd 1968 2 PH O 51 (T)
King's Transport v Viljoen 1954 1 SA 133 (K)
Kohlberg v Uitenhage Municipality 1926 EDL 90
Kotze v Ohlssons Breweries 9 SC 319

Latham v Sher 1974 4 SA 687 (W)
Lawford v Minister of Justice 1914 NLR 284
Lewis v Salisbury Gold Mining Co 1 OR 1
Limason v Leyland Motors (SA) Ltd 1929 CPD 348
Lorentz v Dorman Long (Africa) Ltd 1943 EDL 169

Lower Umfolosi District War Memorial Hospital v Lowe 1937
NPD 31

Manickum v Lupke 1963 2 SA 344 (N)
Moroka v McEven 1910 OPD 32
Malherbe v Esterhuizen 1913 CPD 282
Martheze v The Rescue Works Committee of the DRC 1925 CPD
379
Marona v Blackbeard 21 SC 436
Mason v Vacuum Oil Co 1936 CPD 219
Masinda v Tower Typewriter Co 1961 1 SA 795 (N)
McMillan v Hubert Davies & Co 1940 WLD 256
Mbara v Landrey 1917 CPD 599
Meyer en Boshoff v Jackelson 1961 3 SA 165 (T)
Moosa v Duma and the Vereeniging Municipality 1944 TPD 30
Middleton v South African Automobile Association 1932 NPD 451
Minister of Posts and Telegraphs v Johannesburg Consolidated
Investment Co Ltd 1918 TPD 253
Mkize v Martens 1914 AD 382
Mullin v Benade 1952 1 SA 211 (A)

Nel v SAR & H 1924 AD 30
Newman v East London Municipality 12 SC 61
Ngubetole v Administrator, Cape 1975 3 SA 1 (A)

O'Callaghan NO v Chaplin 1927 AD 310
Olympic Passenger Service (Pty) Ltd v O'Connor 1954 3 SA
906 (N)
Oosthuizen v Webb & Kruger 1947 2 SA 670 (T)
O'Niel v Robertson 1909 LLR 107

Parker v Reed 21 SC 496
Parker v NO 1 Tin Syndicate 1906 TS 576
Paton v Caledonian Insurance Co 1962 2 SA 691 (D)
Penrith v Stuttaford 1925 CPD 154
Peri-Urban Areas Health Board v Munarin 1965 3 SA 367 (A)
Phillips v SA Independent Order of Mechanics 1916 CPD 61
Philpott v Whittal Elston Crosby & Co 1907 EDC 193
Phillips v Sipuka 1915 EDL 289
Pretoria Municipality v Esterhuizen 1928 TPD 678
Priestly v Dumeyer 15 SC 393
Prinsloo v du Preez 1965 4 SA 300 (W)

Ravene Plantations Ltd v Estate Abrey 1928 AD 143
Randbank Bpk v Santam Versekeringsmaatskappy Bpk 1965 4 SA
363 (A)
Randbank Bpk v Santam Versekeringsmaatskappy Bpk 1965 2 SA
456 (W)
Reid v Bouverie 1914 NPD 203

Rhodes Motors (Pvt) Ltd v Pringlewood NO 1965 4 SA 40 (A)
Rogerson v Moe Bros 21 NLR 295
Rossouw v Central News Agency Ltd 1948 2 SA 267 (W)
Roux NO v Osgood 1940 AD 139
Roos v de Loor's Ltd 1931 TPD 100
Ringrose v Hunter 1933 NPD 442
R v Feun 1954 1 SA 58 (T)
R v AMCA Services Lts 1959 4 SA 207 (A)

Sampson v Union and Rhodesia Wholesale Ltd 1927 AD 468
Sandground v Eloff 1903 TS 787
SA General Investment Co v Mavaneni 1963 4 SA 89 (D)
Sauer NO v Duursema 1951 2 SA 222 (O)
SAR & H v Marias 1950 4 SA 610 (A)
SBI v Du Toit 1952 4 SA 313 (R)
Slabbert v Holland 1936 NPD 238
Silansky v Board of Executors 1916 CPD 683
Silhouette Chemical Works (Pty) Ltd v Steyn's Garage Brooklyn
(Pty) Ltd 1967 3 SA 564 (T)
Sipata v Minister of Defence 1914 EDL 323
Smit v General Accident Fire & Life 1964 35 A 739 (K)
Singh v Provincial Insurance Co Ltd 1963 3 SA 712 (N)
Steyn v Davey 1954 PH F 41 (OPD)
Swart v Union Government 1948 3 SA 149 (T)
Suburban Real Estate Ltd v Whall and Blocking 1951 3 SA
409 (K)
S v AMCA Sevices 1962 2 SA 288 (T)
S v AMCA Sevices 1962 4 SA 537 (A)

Townsend v Hankey Minicipality 1920 ED1 226
Tshelane v Dura Foundation Co (SA) (Pty) Ltd 1962 3 SA 693 (T)

Union Government v Hawkins 1944 AD 556
Union Government v Lombard 1926 CPD 150
Union Government v Mentor 1926 CPD 324
Union Government v Sykes 1913 AD 156

Van Bloemenstein v Reynolds 1934 CPD 265
Van Wyk v Lewis 1924 AD 438
Victor v Logie 1923 EDL 233
Victor v Gillespie Motors 1938 GWL 47

Weir Investments Ltd v Paramount Motor Transport 1962 4 SA 589 (D)
Witwatersrand Blasting Contractors v Fouche 1971 PHJ 1 (T)
Zungu v The Administrator Natal 1971 1 SA 284 (D)

INLEIDING

In hierdie proefskrif word 'n ondersoek gedoen na die pri= vaatregtelike aanspreeklikheid van sekere persone vir die on= regmatige en skuldige veroorsaking van skade deur ander per= sone. Hierdie aanspreeklikheid staan as middellike aanspreek= likheid bekend. Hedendaags is die gangbare standpunt dat mid= dellike aanspreeklikheid nie deliktuele aanspreeklikheid is nie. Ek bepaal my daarom *eerstens* tot 'n ondersoek na die aard en grondslag van hierdie aanspreeklikheid en *tweedens* tot 'n ondersoek na die toepaslike regsreëls in besondere omstandig= hede. Dit is ook nodig om vas te stel of die histories gefor= muleerde regsreëls tred gehou het met nuwe omstandighede en be= hoeftes. Wat die grondslag van middellike aanspreeklikheid be= tref, blyk dit dat die Suid-Afrikaanse regspraak veral vanaf 1940 die standpunt ingeneem het dat risiko-aanspreeklikheid die grondslag van middellike aanspreeklikheid is. Sekere skry= wers het 'n soortgelyke standpunt ingeneem. Die wesensaard van hierdie aanspreeklikheid is egter nog nie duidelik geformu= leer nie. Wat die spesifieke positiefregtelike reëls van mid= dellike aanspreeklikheid betref, bestaan daar 'n behoefte aan 'n ontleding en 'n sistematisering daarvan. Dit blyk dat ver= skillende reëls in verskillende omstandighede van toepassing is welke reëls deur uitsprake gepositiveer is na gelang van beson= dere behoeftes. Weens 'n gebrek aan 'n volledige optekening en sistematisering van hierdie reëls, bestaan daar onduidelik= heid oor die aard en toepassingsgebied daarvan. In die lig van die feit dat die regspraak risiko-aanspreeklikheid as grondslag van middellike aanspreeklikheid aanvaar het, is dit ook nodig om na te gaan of die positiefregtelike reëls met risik-aan= spreeklikheid versoenbaar is.

Ek het nie gepoog om 'n regshistoriese studie oor hierdie onderwerp aan te bied nie. Die proefskrif van T.B. Barlow¹ is 'n goeie en unieke regshistoriese uiteensetting van middellike aanspreeklikheid en maak so 'n benadering vir my doeleindes onnodig. Alhoewel vir agtergrond doeleindes 'n kort uiteensetting gegee word van veral die standpunte van Romeins-Hollandse skrywers uit die 17de en 18de eeue, is die studie primêr 'n ondersoek na die moderne standpunte oor die aard van middellike aanspreeklikheid en die huidige toepaslike regsreëls. My studie is ook nie regsvergelykend in die ware sin van die woord nie. 'n Deel van die ondersoek is gewy aan privaatregtelike middellike aanspreeklikheid in die Anglo-Amerikaanse en Nederlandse reg met die doel om die geldende reëls in hierdie regstelsels nader toe te lig en moontlike navolgenswaardige standpunte uit te wys en aanverwante probleme aan te stip. Die Anglo-Amerikaanse en Nederlandse regstelsels is gekies omdat hulle middellike aanspreeklikheidsreëls 'n noue ooreenkoms met mekaar en met die Suid-Afrikaanse reg vertoon. Die Anglo-Amerikaanse reg is veral van belang omdat dit 'n groot invloed gehad het op die ontwikkeling van middellike aanspreeklikheid in Suid-Afrika. Daar is in ons beslissings vrylik aangehaal uit Anglo-Amerikaanse bronne oor die toepaslike regsreël in 'n spesifieke situasie en oor die moontlike regverdiging en grondslag van hierdie soort aanspreeklikheid.

Met die oog op die tweeledige doel van die proefskrif, is die werk verdeel in twee afdelings. In die eerste afdeling word 'n dogmatiese ontleding gemaak van die grondslag van middellike aanspreeklikheid. Aan die hand van Anglo-Amerikaanse, Nederlandse en Suid-Afrikaanse literatuur en gewysdes word verskeie

1 *Vicarious Liability* 1939.

standpunte krities ontleed en getoets. 'n Hoofstuk word gewy aan elk van die genoemde regstelsels en soortgelyke standpunte in elke regstelsel word afsonderlik gegroepeer. In elk van die eerste drie hoofstukke word verder gepoog om die meerderheids= opinie van skrywers van die verskillende regstelsels uit te wys en word gelet op die probleme in die weg van die aanvaarding van hul standpunt as die grondslag van daardie reëls wat volgens die spesifieke regstelsel middellike aanspreeklikheid daar= stel. In die vierde hoofstuk volg 'n uiteensetting van my eie siening oor die grondslag van middellike aanspreeklikheid. Hierin word die resultate in die vorige drie hoofstukke bereik, in ag geneem.

In die tweede afdeling word 'n ondersoek ingestel na die posi= tiefregtelike middellike aanspreeklikheidsreëls. Die vyfde hoofstuk, die eerste in hierdie afdeling, bevat 'n ontleding van die Anglo-Amerikaanse en Nederlandse positiewe reg oor hierdie onderwerp. Die metode wat hier gevolg word is eerstens 'n ontleding van die belangrikste relevante verhoudings tussen die aanspreeklikgestelde persoon en die materiële dader vir die doeleindes van eersgenoemde se middellike aanspreeklikheid. Tweedens word 'n uiteensetting gegee van die reëls vir die vas= stelling van die verband wat tussen die veroorsaking van die skade deur die materiële dader en sy werksopdrag moet bestaan ten einde die verweerder aanspreeklik te hou.

In die sesde hoofstuk word dieselfde metode op die Suid= Afrikaanse positiewe reg toegepas. Die doel met hierdie metode is om 'n enersyds 'n breë en volledige beeld te verkry en ander= syds 'n sistematiese ontleding van die toepaslike middellike aanspreeklikheidsreëls in sekere soortgelyke feitelike omstan= dighede te maak. Hierdeur bly die karakter en strekking van die

reëls van die verskillende regstelsels behoue, terwyl die reëls soos dit in soortgelyke omstandighede geld, telkens afsonderlik nagegaan kan word.

Wat die dogmatiese verklaring van middellike aanspreeklikheid betref, blyk dit uit my studie van die Anglo-Amerikaanse reg dat skrywers meestal bloot net gepoog het om 'n regverdiging vir die positiefregtelike implimentering van middellike aanspreeklikheid te verskaf. Hoewel enkele skrywers hul wel uitgelaat het oor die moontlike regsteoretiese begronding van middellike aanspreeklikheid, is dit soms uiters moeilik om uit te maak of 'n spesifieke skrywer dit het oor die regverdiging van hierdie aanspreeklikheid of oor die grondslag daarvan. Ek het tot die gevolgtrekking gekom dat die meerderheid skrywers die middellike aanspreeklikheid van die aanspreeklikgestelde persoon verklaar met die siening dat hy 'n gevaar van potensiële benadering geskep het deur die gebruikmaking van die dader om vir of namens hom werk te verrig en dat hierdie aanspreeklikgestelde persoon verplig, en meestal ook in staat is, om die las van aanspreeklikheid af te wentel op ander persone wat by sy aktiwiteite betrokke is. Gevaarskepping en skade-afwenteling vorm dus die hoekstene vir òf die regverdiging òf die teoretiese begronding van middellike aanspreeklikheid. Wat die Nederlandse reg betref, is my gevolgtrekking dat die meerderheid skrywers middellike aanspreeklikheid dogmaties fundeer op die risiko-aanspreeklikheidsbeginsel. Standpunte oor die wesensaard van risiko-aanspreeklikheid loop egter wyd uiteen. Die meerderheid skrywers verklaar dat gevaarskepping die agterliggende beginsel van risiko-aanspreeklikheid is. 'n Behoorlike en aanvaarbare omskrywing van die begrip *gevaarskepping* as regsbegrip is myns insiens nog nie gegee nie. Heelwat Suid-Afrikaanse skrywers het risiko-aanspreeklikheid in die vorm van die gevaarteorie ook as die grondslag van middellike aanspreeklikheid voorgestel. Die

appèlhof het dieselfde standpunt ingeneem. Ek het op gesag van die appèlhof aanvaar dat die grondslag van middellike aanspreeklikheid risiko-aanspreeklikheid is. Hierdie aanname is ook gegrond op die feit dat ek geen aanvaarbare alternatiewe grondslag in die ander regstelsels of in die Suid-Afrikaanse reg gevind het nie. Myns insiens kan risiko-aanspreeklikheid omskryf word as: *Aanspreeklikheid van 'n persoon vir die skadelike gevolge wat uit die tipiese risiko's van sy gevaarlike aktiwiteit voortvloei.* Die enigste probleem van risiko-aanspreeklikheid was nog altyd die onenigheid oor die wesenselemente daarvan. Uit die bogenoemde omskrywing blyk dit dat die elemente van risiko-aanspreeklikheid die volgende is:

- 1) Die tipering deur die reg van 'n sekere feit as riskant of gevaarlik.
- 2) Die verantwoordelikstelling van 'n sekere persoon of persone vir hierdie gevaarlike feit.
- 3) Die vasstelling van daardie skadelike gevolge wat uit die tipiese risiko's van die feit voortgevloei het.

Wat die studie van die positiefregtelike reëls van middellike aanspreeklikheid betref, het ek, wat al drie regstelsels betref, eerstens tot die gevolgtrekking gekom dat daar geen aanvaarbare definisie bestaan ter omskrywing van die vereiste verhouding tussen dader en verweerder nie. Pogings deur skrywers en howe van die verskillende regstelsels om die reg op beheer (*right of control*) as 'n kriterium vir die relevante verhouding te gebruik, het misluk. Die rede hiervoor is dat die aard van die verhoudings wat ter sprake kom so uiteenlopend is dat dit nie in een definisie saamgevat kan word nie en nie aan een kriterium onderwerp

kan word nie. Ander kriteria of toetse vir die relevante verhouding, soos die Anglo-Amerikaanse *organisation-* en *entrepreneurs test* is miskien meer aanvaarbaar as die reg op beheer-kriterium maar tog nie volkome geslaagd nie. Ek het die standpunt ingeneem dat die reg 'n diensaktiwiteit as riskant of gevaarlik getipeer het en dat die reg, met in agneming van verskeie regspolitiese faktore, 'n sekere persoon verantwoordelik moet hou vir hierdie riskant getipeerde aktiwiteit. Hierdie benadering los myns insiens die probleem by die vasstelling van die relevante verhouding op.

Ek het tweedens ook tot die gevolgtrekking gekom dat in al drie regstelsels onduidelikheid bestaan oor die omvang van 'n persoon se middellike aanspreeklikheid. Die nodige verband wat moet bestaan tussen die skadeveroorsakende handeling van die materiële dader en sy werksopdrag word gewoonlik in 'n algemene reël geformuleer (*the act complained of must be committed in the servant's course of employment* of die skade moes veroorsaak gewees het *in de werkzaamhede van de ondergeskikte*²), maarby die toepassing daarvan laat 'n hof hom gewoonlik lei deur die feitelike omstandighede en billikheidsoorwegings. Die gevolg hiervan was dat die praktyk in 'n kasuïstiek verval het en reëls ontwerp het wat van omstandigheid tot omstandigheid van toepassing gemaak is. Dit is egter uiters moeilik om hierdie reëls vas te stel en die probleem word vererger deurdat regsonsekerheid oor die presiese toepaslike regsreëls bestaan. Die feit dat omstandighede en billikheidsoorwegings die toepaslike regsreël bepaal, het ook veroorsaak dat in sommige gevalle van middellike aanspreeklikheid 'n enge aanspreeklikheid gevolg word en in ander gevalle 'n wye aanspreeklikheid. Ek het daarom tot die gevolgtrekking gekom dat dit in sekere gevalle van

2 Sien hoofstukke 5 en 6

'n aanspreeklikheidsbevinding onmoonlik is om te verklaar dat die dader die onregmatige daad *in the course of his employment* gepleeg het. Ek het die standpunt ingeneem dat daar in die lig van die feit dat risiko-aanspreeklikheid die gróndslag van middellike aanspreeklikheid is, gesoek moet word na 'n kousale verband tussen die pleeg van die onregmatige daad deur die dader en die aard van sy werksopdrag. Die aard van hierdie opdrag moes die kans op die pleeg van die onregmatige daad objektief verhoog het. Ten einde die omvang van aanspreeklikheid op grond van redelikheid en billikheid en in die lig van die spesifieke omstandighede behoorlik te beperk, het ek normatiewe voorsienbaarheid as 'n aanspreeklikheidsbeperkende faktor voorgestel. Behalwe dat die aard van die werksaamhede die kans op die pleeg van die onregmatige daad objektief moes verhoog het, moet die skadeveroor sakende optrede van die dader, asook die kousale verloop van die gebeure wat op die pleeg van die onregmatige daad uitgeloop het, in die lig van die aard van die werk, met so 'n graad van waarskynlikheid voorsienbaar gewees het, dat in alle regverdigheid en billikheid verklaar kan word dat die skade voortgevloei het uit 'n tipiese risiko van die gevaarlike aktiwiteit.

Myns insiens bestaan daar hoofsaaklik twee probleme by die aanvaarding van risiko-aanspreeklikheid as die gróndslag van middellike aanspreeklikheid. Die eerste is die verhaalreg van die verantwoordelike persoon teen die materiële dader en die tweede is die toepaslikheid van die *Wet op Verdeling van Skadevergoeding* no 34 van 1956 (soos gewysig) op middellike aanspreeklikheidsgevalle.

Dit is vooraf ook nodig om die gebruik en betekenis van 'n aantal begrippe nader toe te lig ten einde herhaaldelike verdui=

deliking in die teks te vermy. Deurgaans word die privaatregtelike aanspreeklikheid van sekere persone vir die onregmatige en skuldige veroorsaking van skade deur die ander persone, middellike aanspreeklikheid genoem. Die begrip middellike aanspreeklikheid is nie in alle opsigte bevredigend nie omdat dit op die aanspreeklikheid van een persoon deur middel van 'n ander dui. Die eersgenoemde persone sou dan *via* laasgenoemde, indirek of oordraagtelik aanspreeklik gehou word. Sy aanspreeklikheid is daarom afhanklik van die ander persoon se aanspreeklikheid.

Risiko-aanspreeklikheid, wat die grondslag van middellike aanspreeklikheid is, is egter direkte aanspreeklikheid. Ek huldig die standpunt dat die vereiste van 'n onregmatige daad aan die kant van die materiële dader by middellike aanspreeklikheidsgevalle, naas normatiewe voorsienbaarheid, ook 'n aanspreeklikheidsbeperkende faktor by hierdie vorm van risiko-aanspreeklikheid is. Die verweerder se (risiko-) aanspreeklikheid word teenswoordig deur ons regspraak beperk tot onregmatige en skuldige veroorsaking van skade deur 'n materiële dader vir wie se optrede die verweerder verantwoordelik is. Die regverdiging vir die gebruik van die begrip middellike aanspreeklikheid lê dan in die voorafgaande opgesluit. Van die begrip middellike aanspreeklikheid kan gebruik gemaak word solank 'n onregmatige daad aan die kant van die materiële dader 'n aanspreeklikheidsbeperkende faktor vir die risiko-aanspreeklikheid van die verantwoordelike persoon is. Middellike aanspreeklikheid dui dan in hierdie verband daardie gevalle van risiko-aanspreeklikheid aan waar die aanspreeklik gestelde se aanspreeklikheid beperk word tot skade veroorsaak deur *iemand anders se skuldige en onregmatige optrede*. Die gebruikmaking van die begrip middellike aanspreeklikheid het dan ook die voordeel dat enige juris dadelik besef met watter reëls te doene gekry word en onsekerheid sodoende uitge-

XL

skakel word. Risiko-aanspreeklikheid is myns insiens 'n selfstandige grondslag van privaatregtelike aanspreeklikheid. Ek onderskei daarom tussen risiko-aanspreeklikheid en deliktuele aanspreeklikheid. Dit is afsonderlike aanspreeklikheidsbeginsels met eie elemente waaruit elk opgebou is. Ek is ook van mening dat hierdie aanspreeklikheidsbeginsels nie tot 'n *verdere grondliggende beginsel* herlei kan word nie. Risiko-aanspreeklikheid is die grondslag van aanspreeklikheid. Ten einde die lang begrip *risiko-aanspreeklikheidsbeginsel* te vermy, het ek dikwels gebruik gemaak van 'n verkorte woord vir dieselfde begrip, naamlik *risikobeginsel*. Byvoorbeeld dat A in hierdie geval op grond van die risikobeginsel aanspreeklik is.

Die meeste beslissings oor middellike aanspreeklikheid in Suid-Afrika is in Engels gelewer. In hierdie verband bestaan egter 'n algemene verwarring oor die betekenis van begrippe soos *master, servant, principal, agent, employer, employee, employment* en *authority*. Dit is 'n byna onmoontlike taak om Afrikaanse ekwivalente vir al hierdie begrippe aan te bied. So byvoorbeeld kan 'n *master* ook 'n *principal* of *employer* beteken en nie noodwendig 'n dienskontraktuele werkgewernie. 'n *Principal* kan ook òf 'n lasgewer òf 'n prinsipaal beteken, terwyl *servant* 'n *agent* of *employee* kan beteken en nie noodwendig 'n dienskontraktuele werknemer nie. Ook kan 'n *agent* òf 'n verteenwoordiger met volmag òf 'n agent sonder volmag beteken. 'n *Agent* kan deur 'n *master employ* word en die *agent* kan *in the course of his employment* optree sonder dat dit noodwendig beteken dat hy 'n dienskontraktuele werknemer is wat in die loop van die uitvoering van sy verpligtinge handel. Die begrip *authority* beteken dikwels nie volmag nie maar moontlik opdrag, bevel, vergunning of guns. Vir sover as moontlik het ek gepoog om 'n sinvolle gebruik van die Engelse begrippe

te maak. 'n *Servant* of *employee* word meestal dan vertaal as 'n werknemer en 'n *master* of *employer* met werkgewer. 'n *Principal* en *agent* is 'n prinsipaal en verteenwoordiger met volmag. Indien die prinsipaal 'n lasgewer is word dit so aange-
toon. Die enigste onopgeloste probleem wat die gebruik van Afrikaanse begrippe betref, bly dan daardie gevalle waar nie sprake is van 'n werkgewer - werknemer-, prinsipaal- verteen-
woordiger- en lasgewer onafhanklike kontrakteurverhouding tus-
sen dader en verweerder nie. Dit is die verhouding tussen per-
sone in gevalle waar een persoon 'n ander se werknemer huur of
leen; waar een persoon 'n ander gebruik om iets vir of namens
hom te doen en die gevalle waar 'n motoreienaar 'n ander toe-
laat om sy (die eienaar se) motor te bestuur. Waar in Engels
hier gerieflik van die begrippe *principal* en *agent* gebruik ge-
maak word, het Afrikaans nie ekwivalente begrippe nie. Die
enigste uitkomst is om dan maar gebruik te maak van *lener*
of *huurder* en *werknemer van 'n ander*; *motoreienaar* en *be-
stuurder*. Dit laat dan nog dié gevalle wat voor die howe ge-
dien het waar die een persoon bloot van 'n ander gebruik maak
om vir of namens hom iets te doen en hierdie persoon wat so
gebruik word nie 'n motorbestuurder of die werknemer van 'n
ander is nie. Ek het wat sulke gevalle betref, na die ver-
houding tussen die persone verwys as dié tussen prinsipaal en
agent na aanleiding van die Engelse terminologie.

Ten slotte is dit nodig om ten einde 'n noodsaaklike agter-
grond vir die ontplooiing van die eerste vier hoofstukke te
verskaf, 'n paar kort opmerkings oor die ontstaan en impli-
mentering van skuldlose aanspreeklikheid te maak. In Wes-
Europa, Engeland en Amerika was skuld gedurende die negen-
tiende eeu meestal gesien as 'n essensiële element van delik-
tuele aanspreeklikheid. In sekere omstandighede was weliswaar

afgesien van die skuldvereiste, maar gewoonlik is dit gemoti=veer as 'n noodsaaklike uitsondering op die skuldaanspreeklik=heidsbeginsel wat om spesiale redes regverdigbaar is. Soms is egter ook verklaar dat hierdie *uitsonderings* steeds gevalle van skuldaanspreeklikheid is omdat 'n vermoede van skuld bestaan. Soms is ook gebruik gemaak van 'n omkering van die skuldbewys=las in welke gevalle die dader verplig is om afwesigheid van skuld aan sy kant te bewys. Skuldlose aanspreeklikheid was inderwaarheid beperk en die regverdiging daarvan in die spe=sifieke omstandighede van die 19de eeu nie moeilik nie. Die aanvaarding van die skuldvereiste as 'n element van deliktuele aanspreeklikheid is veral bewerkstellig deur 'n liberalisties-individualistiese lewensfilosofie kenmerkend aan die 19de eeu. Uiterste beklemtoning van individuele vryheid het die siening regverdig dat 'n persoon slegs aanspreeklik gehou kan word vir die skade of nadeel deur hom veroorsaak indien sy optrede ook moreel verwytbaar is. Die liberalisties-individualistiese tydgees het veral ook neerslag op ekonomiese terrein gehad in die vorm van die *Laissez-faire*-filosofie.³ Hierdie leerstuk het uiting gegee aan die siening dat alle mense gelykes is, dat

3 Die *Laissez-faire*-filosofie was basies 'n pleidooi tot min=der inmenging van staatsweë in 'n land se handel en ekono=mie en die opheffing van beperkings op die handel van daar=die tyd. Dit was veral Adam Smith wat die idee van *Laissez-faire* vaste grond verleen het deur publikasie van sy boek *An Inquiry into the Nature and Causes of the Wealth of Nations* in 1776. Sy siening het basies daarop neergekom dat die mens as 'n vrye wese, deur 'n innerlike begeerte tot optrede in eie belang die ganse ekonomiese stelsel regu=leer. Die vraag na en die aanbod vir verbruikersgoedere reguleer 'n artikel se prys. Indien daar wat hierdie fak=tore betref, geen inmenging plaasvind nie, sal die mark=prys van 'n artikel 'n natuurlike vlak bereik waardeur vol=doende vergoed word vir kapitale belegging en besteding van arbeid wat gebruik is vir die produksie van die artikel

almal 'n innerlike begeerte tot optrede in eie belang het, dat die waarborg vir die grootste handelingsvryheid daarin geleë is dat mense na hulself moet omsien en uit eie vrye wil moet besluit wat die beste is. 'n Uitvloeisel van hierdie leerstuk was byvoorbeeld die siening dat wanneer 'n werknemer 'n diens=kontrak met sy werkgever sluit, hy daardeur vrywillig toegestem het tot die arbeidsmark en uit vrye wil ook toegestem het tot en hom onderworpe gestel het aan die risiko's verbonde aan die aard van sy werk. Wat die onregmatige dadereg betref is die klem geplaas op die optrede van die dader en die morele verwytbaarheid van sy optrede. Sy aanspreeklikheid is gebaseer op die feit dat hy 'n moreel afkeurenswaardige daad gepleeg het en vir die gevolge daarvan moet boet. Die posisie van die benadeelde het nouliks aandag getrek en die feit dat hy vergoed word, was as 'n newe-effek van deliktuele aanspreeklikheid beskou. Die historiese strafkarakter van die delik was dus die primêre kenmerk van deliktuele aanspreeklikheid. Die strafwaardigheid van die dader se moreel verwytbare daad het tot sy aanspreeklikheidsstelling gelei terwyl dit moes dien as 'n afskrikmiddel vir hom en andere. Afkeurenswaardige moreel verwytbare optrede as kern van

(Sien S B Clough en C W Cole *Economic History of Europe* 345 ev; 363 ev en veral 367). Die toepassing van hierdie teorie verseker dan dat na die belange van alle mense in die samelewing op die beste wyse omgesien en dit ook behoorlik beskerm word. Die belangrike feit is egter dat die effek van hierdie filosofie ook deurgedring het na ander lewensterreine. Die standpunt is verkondig dat die mens as vrye individu, uit eie kennis die beste weet wat goed en reg vir homself is. Daarom moet elke mens vrygelaat word om na sy eie belange om te sien. Deur dit toe te laat word die belange van die gemeenskap ook die beste gedien deurdat die mens dan sal soek na 'n verhoging van sy lewensstandaard en daarom op energieke wyse sy werk sal verrig (Clough & Cole aw 390).

deliktuele aanspreeklikheid was egter nie noodwendig onregverdig in 'n tydperk van betreklik eenvoudige menslike verhoudinge, die eenvoudige werking van handgereedskap in die huisnywerheidsstelsel, die gebruik van natuurlike vervoermiddels en die seldsaamheid en minder ernstigheid van veroorsaakte benadeling nie. In so'n samelewing was die kans op veroorsaking van skade of nadeel skraal en waar dit wel voorgekom het, het die skuldaanspreeklikheidsmaatstaf die behoefte van die gemeenskap bevredig. Hierdie beginsel is daarom ook verskans in die regspraak en kodifikasies van die 19de eeu.⁴

Die fenominale ontwikkeling op industriële en tegnologiese gebied gedurende die laaste helfte van die 19de eeu, het 'n nuwe tydperk vir die mens, veral in Engeland, Amerika en Wes-Europa, ingelui. Gedurende hierdie tydperk, wat hedendaags bekend staan as die tydperk van die Industriële Rewolusie, het die kapitalisme tot sy volle ontplooiing gekom. Vir die doeleindes van hierdie studie is dit belangrik om aan te werk dat die verhouding tussen werkgewer en werknemer, wat in die verlede primêr gebaseer was op 'n wedersydse persoonlike verantwoordelikhedsbasis, ontwikkel het tot 'n onpersoonlike ooreenkoms tot die verrigting van arbeid teen vergoeding.⁵ As gevolg van die *Laissez-faire*-filosofie het die kapitalis in volle beheer van die handel en ekonomie gekom. Die kapitaliste het 'n nuwe sosiale stand gevorm met as teenpool die arbeidsklas of proletariaat. Die ou idee van *good goods at fair prices* is vervang met die idee *to change all that the traffic will bear*.⁶ Deur hulle geweldige rykdomme het die kapitaliste

4 Sien J C van der Walt 32 *THRHR* (1969) op 324.

5 Vgl die uiteensetting van hierdie ontwikkeling deur Clough & Cole op 373.

6 Clough & Cole t a p.

ook al hoe groter seggenskap in landsregerings uitgeoefen. So-
doende het die kapitaliste ook gesorg vir die nodige eie besker-
ming veral ook vir hul rykdomme. Uitbuiting van die proleta-
riaat het hoogty begin vier. Op die gebied van die handel, eko-
nomie en industrie het die sogenaamde entrepreneur die belang-
rike persoon geword. Hy was in beheer van nuwe produksiemetodes
wat 'n vervanging van die huisnywerheidstelsel was. Bedryfsonder-
nemings en die implementering van die masjien het op die voor-
grond getree. Die entrepreneur het nie soseer belang gestel in
persoonlike kontak met sy werknemers nie, maar eerder in sy wer-
kers se gespesialiseerde bekwaamheid en hul produktiwiteit.
Die klem het ook meer begin val op behoorlike organisasie en
inskakeling van arbeiders by 'n onderneming. Persoonlike be-
heer en toesig oor die optrede van werknemers het, weens ar-
beidsspesialisasie en toename van werkersgetalle, al hoe meer
op die agtergrond begin raak. Die nuwe arbeider of werknemer
het intens gemoeid geraak met die hantering van die masjien en
is ten volle betrek by gemeganiseerde industriële produksie.
Sy persoonlike behoeftes en posisie, asook dié van sy afhankli-
kes, het nouliks aandag getrek. Hierdie posisie is vererger
deur die ontstaan van nywerheidsstede en -gebiede waarin arbei-
ders in hul duisendtalle saamgetrek was. Kort voor lank het
die mees haglike maatskaplike, sosiale en ekonomiese toestande
in hierdie samelewings geheers. In hierdie sentrums waar ge-
bly en gewerk was, was die mense ook oorgelewer aan die gevare
wat die aard van hul werk en die meganiese werking van gevaar-
like tegnologiese produkte (soos treine, motorvoertuie en aller-
hande gevaarlike industriële asook elektrisiteit, stoom, plofstof
en mynbou) meegebring het.

Dit is nie verrassend nie dat die arbeider homself begin organi-
seer het in vakbonde en politieke partye en deur hierdie organisa-

sies druk op die Staat uitgeoefen om stappe te neem ter verligting van hul swak posisie. Die arbeidsklas het ook in opstand gekom teen die liberalisties-individualistiese filosofie van *Laissez-faire*. Die valsheid van hierdie filosofie het die arbeiders bewys deur na hul eie hopelose posisie, wat deur hierdie filosofie geskep is, te verwys. Die filosofie van die arbeidersklas was dat die arbeider die belangrikste faktor en element van die ekonomiese stelsel van 'n land is. Die arbeider behoort daarom behoorlik beskerm te word. Verder behoort die voordele wat sy arbeid oplewer, die arbeidsgemeenskap self toe te kom. Hierdie gees van sosialisme het 'n belangrike rol begin speel op alle lewensterreine vanaf die 20ste eeu.

Gedurende die laaste helfte van die 19de eeu is daar egter 'n mate van kompromie tussen die uiterste stelsels van kapitalisme en sosialisme bereik. Hierdie kompromie het gespruit uit die idees van die vinnig opkomende sogenaamde middelklas.⁷ Hierdie tussengroep het in hierdie tyd 'n baie belangrike posisie in die samelewing begin inneem. Teen die helfte van die 19de eeu het hierdie groep as die intellektueles na vore getree. Hulle het veral proffesionele beroepe beklee en ook politieke loopbane gevolg. Hulle het die gevaar van uiterste kapitalisme en sosialisme ingesien en daarom 'n kompromie tussen hierdie strominge verkondig. Hulle wys daarop dat die kapitalis en die arbeider besliste gemeenskaplike belange het en dat beide stromings aan weerskante toegewings sal moet maak. Slegs op hierdie wyse sou die vrede en harmonie bewaar kon word. Dit was die filosofie van sosiale solidariteit. Die beste manier waarop sosiale solidariteit bereik kon word was deur behoud

7 Sien Clough & Cole aw 389.

van die kapitalistiese sisteem getemper deur die optrede van die owerheid wat sosiale hervorming en opheffing moet bevorder.⁸ Hierdie filosofie het goed gepas by die sentiment van die laaste helfte van die 19de eeu, want verheve bo die sosiale en ekonomiese stryd, het die nasionale patriotisme van volke uitgestaan. Die volke het 'n diep gewortelde gevoel gehad dat hulle binne bepaalde geografiese grense gebind was deur bande van taal, kultuur, tradisie en godsdiensoortuigings. In hierdie omstandighede was dit nie moeilik om die proletariaat daarop attent te maak dat hy, wat sy voorspoed en toekoms betref, afhanklik was van die welslae van die ondernemer vir wie hy werk en die ekonomiese krag van sy regering nie. Alle klasse moes daarom saamwerk in belang van die volk terwyl die Staat as beskermmer van almal se belange optree.

Te midde van die ekonomiese, maatskaplike, sosiale en politieke woelinge gedurende die Industriële Revolusie het die strenge toepassing van die tradisionele skuldaanspreeklikheidsbeginsel ook onder verdenking gekom. Strenge toepassing van die skuldvereiste het beteken dat 'n persoon wat benadeel is deur die produkte van die nuwe tegnologiese era, moreel verwytbare optrede aan die kant van 'n persoon wie se gedraging as die oorsaak van die nadeel aangemerkt kan word, moes bewys. Dit het ingehou dat die benadeelde moet bewys dat iemand nalatig of opsetlik opgetree het en dit die oorsaak van sy nadeel is. Hierdie vereiste het die benadeelde in 'n onoorkombare bewysnood laat beland. Want behalwe dat die veroorsaker van die nadeel dikwels moeilik aan te wys was,⁹ was die bewys van skuldige

8 Clough & Cole aw 391.

9 Weens die gespesialiseerdheid van arbeid waar uitgerekte produksie metodes moontlik 'n hele aantal arbeiders kon betrek waar elkeen maar slegs 'n ratjie in die hele proses is en s' optrede onafhanklik en ingeskakel kan wees by die van tientalle ander arbeiders.

optrede van 'n spesifieke persoon, indien so'n persoon wel as veroorsaker van die nadeel aangemerkt kan word dikwels onmoontlik. Getuigenis oor sy optrede mag ontbreek of vaag wees, 'n situasie wat dikwels vererger is deur die ingewikkelde werking van 'n masjien en die snelheid waarmee dit beweeg. Aan die anderkant het die gevoel ook ontstaan dat dit onbillik is om 'n arbeider, wat onwillekeurig te doen het met hoogs gevaarlike werk wat van oomblik tot oomblik sy intensste konsentrasie verg en ten opsigte waarvan hy moet toesien dat die gevare verbonde aan die uitvoering daarvan nie materialiseer nie, tot vergoeding van byna onvoorkombare nadeel te verplig. Buitendien het die erns en die gereeldheid van die veroorsaking van benadeling deur die gevare verbonde aan die bedryf van gevaarlike ondernemings so toegeneem dat persoonlike aanspreeklikheid van die dader vir laasgenoemde en die benadeelde, 'n uiters onaanvaarbare resultaat gebied het. Die posisie van die arbeider was dus ook hier in gedrang. Die toepassing van die skuldvereiste op die gebede waar skade en nadeel deur die tegnologiese produkte van die industriële era veroorsaak is, het al hoe meer onderverdenking gekom. Tog was dit veral die posisie van die benadeelde wat die meeste simpatie verdien het. Sosiale solidariteit het vereis dat hieraan 'n verandering moes kom.

Die terrein waarop die dringendste behoeftes vir behoorlike beskerming van arbeiders bestaan het, was die fabriekswese en mynbou. Tog was daar ook 'n groot behoefte om die algemene publiek te beskerm teen gevare wat sekere gevaarlike ondernemings geskep het. Ook was daar 'n behoefte om beskerming aan die publiek te verleen teen die gevare van sekere gevaarlike produkte van die moderne tegnologiese ontwikkeling. Die tyd het aangebreek om die ondernemer van gevaarlike bedrywe of die eienaar van 'n gevaarlike produk skuldloos aanspreeklik te hou vir die

benadeling wat die bedryf of produk veroorsaak het. In die eerste plek is na die Staat opgesien vir die nodige stappe om mense skadeloos te laat stel teen die risiko's wat die Industriële Revolusie meegebring het.

Alhoewel daar aanvanklik geen algemeen aanvaarde juridiese grondslag vir die bestaan en implimentering van skuldlose aanspreeklikheid was nie, het dit nie 'n struikelblok in die weg van die toepassing van skuldlose aanspreeklikheid geplaas nie. Daar kan dus nie verklaar word dat die toepassing van skuldlose aanspreeklikheid geskied het op grond van die formulering van 'n nuwe basis of grondslag van aanspreeklikheid naas deliktuele aanspreeklikheid nie. Net soos die skuldvereiste in die era van liberalisties-individualistiese denke en lewenspatroon aangeneem is as 'n regverdige en billike vereiste by deliktuele aanspreeklikheid, is die implimentering en toepassing van skuldlose aanspreeklikheid in 'n era van sosialisme eweneens deur regverdigheid en billikheid geïnspireer. Pogings tot regteoretiese verklaring en begroning van skuldlose aanspreeklikheid het eers na die implimentering daarvan gevolg.

Omdat die behoefte vir die implimentering van skuldlose aanspreeklikheid bestaan het, het regerings in Wes-Europa, Engeland en Amerika eenvoudig wetgewing begin instel vir die beskerming van die arbeider en die publiek teen gevare op terreine waar die dringendste behoefte bestaan het. Belangrike wetgewing het die aanspreeklikheid van ondernemers van sekere gevaarlike bedrywe gereguleer. Die eerste was wetgewing om die aanspreeklikheid van spoorwegondernemings vir skade wat deur lokomotiewe veroorsaak is, te reguleer. Soortgelyke wetgewing wat betrekking gehad het op dinamiet-vervaardiging en elektrisiteitsondernemings, is ingestel. In sekere Wes-Europese lande het

spoedig ook wetgewing gevolg wat die skuldlose aanspreeklikheid van eienaars van motorvoertuie gereguleer het. Van groot belang vir die doeleindes van hierdie studie is ook die implimentering van wetgewing wat daarop gemik was om arbeiders finansieel te vergoed vir benadeling wat gely is deur ongelukke wat in die loop van hul werk voorgekom het. Oorspronklik was die wetgewing van sodanige aard dat die werkgewer skuldloos aanspreeklik gestel was tot die betaling van vergoeding aan arbeiders wat in die loop van hul werk beseer is. Later eers is daarvoor voorsiening gemaak dat arbeiders uit 'n ongevalle= fonds vergoed word. Die vergoeding word in elk geval toege= staan sonder dat die benadeelde hoef te bewys dat die werkgewer of enige van die benadeelde se mede werkers skuld aan die veroorsaking van sy nadeel gehad het.

Behalwe hierdie wetgewing het State ook ander tipe wetgewing ingestel om die arbeider te beskerm teen gevare wat hom as gevolg van die tegnologiese ontwikkeling bedreig het. Voorbeelde hiervan is omvattende voorskrifte oor veiligheid in fabrieke en myne, die regulering van werksure, die instelling van pensioen- en siekefondse ensovoorts. Deur hierdie wetgewing (wat meesal as sosiale sekuriteitsreëls beskryf word) is 'n waarborg gegee vir die finansiële beskerming van arbeiders en hul afhanklikes asook vir beskerming teen uitbuiting deur werkgewers en ander ondernemers. Alhoewel hierdie tipe wetgewing nie vir die doeleindes van hierdie onderwerp van belang is nie, bied dit tog 'n illustrasie van die nuwe siening van die kollektiewe verantwoordelikheid van die gemeenskap en die interafhanklikheid van mense¹⁰.

Sosiale solidariteit vereis immers dat mense na mekaar moet om=

10 Die motivering van hierdie sosiale sekuriteitsmaatreëls kan nooit los gesien word van die politieke, ekonomiese en maatskaplike toestande van die laaste helfte van die

sien. Die "ou" individualistiese gedagte dat elkeen na homself kan omsien het begin verdwyn.

Dit het die taak van die juris geword om 'n aanvaarbare teoretiese grondslag vir besondere gevalle van skuldlose aanspreeklikheid te vind.¹¹ In hoofstuk 4 wend ook ek 'n beskeie poging aan om dit te doen.

19de eeu nie. Ooreenkomstig die filosofie van sosiale solidariteit was die Staat geëien as die voog en beskermmer van die gemeenskap en sodoende verplig tot maksimum beskerming van sy onderdane. Die arbeider is beskerm deur wetgewing wat gerig is op sy sosiale, maatskaplike en ekonomiese opheffing vanuit die posisie waarin hy gedryf was deur die omstandighede van sy tyd (Vir 'n breedvoerige bespreking hiervan vgl Clough & Cole aw 692 ev). In Engeland, Frankryk, Holland, België, Oostenryk, Italië en Duitsland is byvoorbeeld wetgewing ingestel wat beskerming verleen aan vroue en kinderarbeiders. Ook is voorsiening gemaak vir staatsinspeksie na werksomstandighede terwyl gesondheidsmaatreëls ook van krag geword. Voorsiening is ook gemaak vir die vergoeding van arbeiders in geval van werkloosheid, arbeidsongeskiktheid en die toekenning van pensioene voordele by aftrede (Vgl Clough & Cole aw 693 ev).

11 Hierdie pogings word in hoofstukke 1-3 beskryf.